Laerskool Bloemfontein

Leef jou droom

Webblad: lsbfn.com Besoek ons op facebook: Laerskool Bloemfontein

NUUSBRIEF 35 **2017/10/26**

Uit die kantoor

Oral waar ons gaan laat ons vingerafdrukke na. Op die hande wat ons aanraak, op die borde, op die mure en boeke. Daar is nie wegkomkans nie, waar ons vat plaas ons 'n teken van ons identiteit. Help ons Heer, om vandag waar ons ookal gaan hartafdrukke na te laat. Hartafdrukke van regverdigheid en deernis, van begrip en liefde, van barmhartigheid en belangstelling. Hartafdrukke van hartlike vriendelikheid en van opregte betrokkenheid. Mag ons harte 'n ander hart aanraak en 'n afdruk van u liefde laat. En as iemand sou sê: "Jou aanraking het my vandag versterk" laat hulle agterbly met die wete dat dit U liefde was wat hul in ons ervaar het." Dit is ons gebed vir almal hier by Laerskool Bloemfontein. Sterkte vir die laaste deel van die kwartaal.

VCSV

Teksvers van die maand
Filipense 4:4

Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!!

Bloemies Bid

Hoe maklik oordeel ek en waarop is ek ingestel? Met 'n vooroordelende gesindheid/uitkyk op die lewe kan ek maklik mis wat God in my lewe wil doen, omdat Hy soms werk op maniere wat buite my verwysings-raamwerk val!!

Wanneer God antwoord!
'n Dame het eendag by 'n apteek gestop; ingehardloop om haar medikasie te kry net om weer na die volgende punt in haar dag te haas. Met haar terugkeer by haar voertuig vind sy dat sy in haar haas haar sleutels in die kar toegesluit het. Sy't rondgekyk en 'n ou stuk hanger op die grond gevind, maar tog besef dat sy geen idee gehad het hoe om daarvan gebruik te maak nie. Op hierdie oomblik het sy tot die Here geroep om tog

Binne enkele minute het 'n bebaarde man met 'n ou motorfiets daarlangs gekom. Hy het 'n ou motorfietsbaadjie met 'n kopbeen daarop gedra. Toe hy stop het hy die vrou gesien, na haar gestap en sy hulp aangebied. Sy het hom van haar penarie vertel waarop hy die stuk hanger geneem het en haar kar oopgemaak het. Saggies het die vrou die Here gedank vir die goeie man se hulp. "Dame", het hy gesê, "ek is nie 'n goeie man nie. Ek is gister vrygelaat uit die tronk waar ek toegesluit was vir motordiefstal". Sy het hom 'n drukkie gegee en God gedank dat Hy haar nie net geantwoord het nie, maar 'n kundige gestuur het om te help.

Ons oordeel ander so maklik; ons fokus is so baie dae op die verkeerde. Indien die vrou weggedraai het van die man op grond van sy voorkoms en kleredrag het sy haar kans op hulp gemis. Sy kon vreesbevange geword het toe sy besef het wie die man was, maar kies om die positiewe raak te sien. Waarna kyk ek en jy vandag?

Ons is hier om vir elkeen te bid en vra elkeen om ook saam met ons vir ons skool en sy mense te bid. Onthou asb. van die grys gebedsposbussie in die kantoor by Lee-Ann. Neem asb. vrymoedigheid om u versoeke daarin te gooi. Kontak asb van die volgende ouers:

Riette v Staden	0748431303
Ettienne v Staden	0742296709

OUERKOMITEE

VERJAARDAGWENSE

Aan pesoneellede, ouers en leerders, wat tydens Oktober verjaar – baie geluk met julle verjaarsdae. Alles wat mooi, goed en geseënd is. Gaan groot en geniet!!

Lief en leed

Sterkte met elke geliefde wat olik voel, tuis aansterk of siek in die hospitaal verkeer. Ons bid vir spoedige en volkome herstel. Ons dink aan al ons gesinne wat geliefdes aan die dood afgestaan het. Baie sterkte in

Skooltye

Let asb. op daarna dat die skool vanaf Maandag, 30 Oktober vroeër uitkom, weens die Hoërskool wat met eksamen begin. Die busse vertrek ook vroeër.

Prysuitdeling

Vanoggend het ons SO en Gr. 1-3 prysuitdeling plaasgevind. Ons is baie trots op ons leerders se pragtige prestasies.

VANAAND IS DIE AAND vir die groter leerders. Ons kroon die room van ons skool se toppresteerders met hul puik prestasies op verskeie gebiede. Ons sien uit om 2018 se Leerderraad aan u bekend te stel en gee kans dat 2017 se Leerderraad groet en hul balkies oorhandig.

Komende Eksamen

Sterkte en voorspoed. Hard leer vir oulaas. Ouers kom ons vat ons kinders se hande en ondersteun hulle met die nodige voorbereiding om hulle jaar te slaag.

Nuwe Prefekte

Hartlik geluk aan ons nuwe leerderraad wat verkies is. Gee jou alles elke dag. Aan die leerders wat op die kortlys was en dit net-net nie gemaak het nie – ELKEEN VAN JULLE IS EN BLY 'N WENNER. Vergeet wat jy nie kan verander nie. Wees dankbaar vir wat jy het. Moenie dat hartseer jou lewe oorheers en teleurstelling jou geloof laat wankel nie, want mens hoef nie noodwendig 'n prefek te wees om leiereienskappe te toon nie. Daar is baie ander gebiede waar jy kan uitblink. Onthou – 'n aanhouer wen!!

Gedagte vir die week

Daar is geen waarborg dat die lewe net altyd mooi en perfek sal wees nie, maar daar sal altyd iets mooi's wees om raak te sien, om te waardeer en voor dankbaar te wees, te midde van die storms wat losbars. As mens net kies om dit raak te sien en toe te laat om elke

iemand te stuur wat haar sal kan help.

Eezyload

For personal and business deliveries.
We will deliver when you can't.
Service we offer:
Delivery and collecting
Garbage removal
Small moves
Package deliveries
Stock/Product deliveries
Find us on: Gumtree, Junk Mail, OLX and Facebook
Eezyload Buy and Sell
We buy and sell un-used Fridges, Freezers, Microwaves ext.
Contact us today if you have any items you are interested in selling or buying.

SELECTIVE HAIR

Die vakansie is amper hier!! Kom ons maak jou hare en naels mooi voor die vakansie begin!
(Vouchers beskikbaar!!)
Ideale geskenk
***Was, sny en blaas**
***Was en blaas**
***Vol kleur met of sonder Hi-lights.**

Ons verwelkom Daleen in ons span!! Sy sal vanaf middel November met ons wees.
Gel, akriel, silk naels, nail-art en nog vele meer.
Wax: ooghare, vol gesig en snor
Lekker specials
Maak nou al jou afspraak!!
Skakel:
Wendy
0812708870

BELANGRIK

BUSGELD

Liewe Ouers, ons het regtig baie probleme met ouers wat nie hulle kinders se busgeld betyds betaal nie. Daar is nie beurse vir busgeld nie. Kom asb. die reëls noukeurig na, anders gaan ons nie die leerders kan oplaai nie.

d6

Die **d6 is 'n APP** wat u op u foon kan aflaai. Op hierdie APP kry u die belangrikste inligting rakende ons skool soos bv. Toets- en eksamen leerwerk, eksamenrooster, huiswerk, nuusbrief en baie meer.

Groot dankie!!!!

hiedie tyd.

Krieket

0/13A-Krieket wen Sentraal met 10 paaltjies. Julle kook manne!! Baie geluk!!

0/11A-Krieket wen teen Kruitberg met 176 lopies. Darrion Rabie slaan 102 lopies. Darrion vat ook 5 paaltjies vir 5 lopies in 2 "overs". Johan Venter slaan 33 lopies en Waylon Cedras slaan 20 lopies. Mooi so manne!! Julle maak ons harte "tjoklits" klop!! Mnr. Vaatjie se bors is baie breed!!

0/11B-Krieket verloor ongelukkig met 18 lopies teen Dr. Visser. Mnr. Kotze sê sy manne het mooi gespeel, hy is baie trots op hulle.

0/9A-Krieket speel teen Brandfort en hulle wen met 2 paaltjies. Beste bouler: Hennie Janse van Vuuren
Beste Kolwer: Eddie Hall

0/9B-Krieket speel teen Koot Niemann en verloor met 30 lopies.

VIR DIE MAAK VAN

SLEUTELHOUERS (R40), BEKERS(R40), MOUSEPADS(R40), YSKASMAGNETE(R20) EN STICKERS(R1,50) Irma neem ook pragtige foto's. SKAKEL Irma by 071 642 9142

GRAPKAS!!!

Dokter sê vir man dat hy hondsdolheid het en nie lank sal lewe nie. Die ou gaan sit en begin skryf. Die dr. vra: "Skryf jy jou testament?" "Nee," sê die ou," ek maak 'n lys van mense wat ek wil byt!"

"Dokter! Dokter! Kan jy my uithelp?" "Natuurlik!! Waar het jy ingekom?"

Dokter: "Jou siekte is oorerflik."
Student: "Stuur die rekening aan my oupa."

Wat is die defenisie van geduld? Om op jou kop te staan en te wag dat jou sokkies afsak.

dag jou seëninge te tel.

KOPLUISE

Hierdie gogga's het nou weer hulle koppe uitgesteek. Ons versoek u as ouers, om asseblief u kind se kop goed deur te gaan. Dit is ook belangrik dat die beddegoed en die bed goed skoongemaak moet word.

ALGEMEEN

Kennisgewings

Donderdag, 26 Oktober
0/13A-Krieket @ Grey F (Tuis)
0/13B-Krieket @ Brebner (Tuis)

Vrydag, 27 Oktober
VCSV:Skoolverwisselingskamp

Saterdag, 28 Oktober
VCSV:Skoolverwisselingskamp

Sondag, 29 Oktober
VCSV:Skoolverwisselingskamp

Maandag, 30 Oktober
Juf. Leandra verjaar!!
Skool kom 12:30 uit
Busse vertrek vroeër.
Rekenaars 12:30- 13:30
0/9A -Krieket @ Sannies(Weg)
0/9B- Krieket @ Kruitberg (Tuis)

Dinsdag, 31 Oktober
Skool kom 12:30 uit
Busse vertrek vroeër.
Voortrekkers se jaareindfunksie is 31 Oktober om 18:00 in die skoolsaal.

Woensdag, 1 November
Skool kom 12:30 uit
Busse vertrek vroeër.
Mnr. Botha verjaar!!
0/11A-Krieket @ Brandwag (Tuis)
0/11B- Krieket @ Reddersburg (Weg)

Donderdag, 2 November
Skool kom 12:30 uit
Busse vertrek vroeër.
0/13A -Krieket @ Kruitberg (Tuis)

Vrydag, 3 November
Skool kom 12:30 uit
Busse vertrek vroeër.
Kleure atletiek tydens skool

LEERDERRAAD SE GEDAGTE
If you get tired learn to rest, not to quit.

BEGROTINGSVERGADERING
Kennis geskied hiermee van die Begrotingsvergadering wat sal

Vir die skenkings wat ons ontvang het vir maatjies wat in die oggend by die skool eet.	Wat is die definisie van 'n krokodil? Hoe platter hoe swemmer!!	plaasvind op **Maandag,** **6 November 2017** om 17:00 in die personeelkamer.